2.9.2 telefoonnommer of fisiese adres van 'n persoon wat in geval van nood gekontak kan word;

2.9.3 alle immunisasies teen siektes wat reeds aan die kind toegedien is;

2.10 onmiddellik 'n geneesheer, verpleegkundige of 'n maatskaplike werker in kennis stel indien vermoed word dat 'n kind mishandel word, met opset beseer is of aan 'n voedingsgebrek ly.

3. 'n Verpleegkundige, maatskaplike werker of Gesondheidsinspekteur wat 'n kennisgewing bedoel in artikel 2.10 ontvang, moet die betrokke kind deur 'n geneesheer laat ondersoek en die nodige stappe neem ingevolge die bepalings van die Wet op Kinder-versorging, 1983 (Wet No. 74 van 1983).

HOOFSTUK 4: ALGEMEEN**1. Vrytellings:**

1.1 Die Raad kan enige persoon skriftelik vrystel van die nakoming van al of enige van hierdie verordeninge waar sodanige nienakoming na die mening van die Raad nie 'n gesondheidsoorlast skep of sal skep nie.

1.2 Sodanige vrystelling is onderworpe aan die voorwaardes en geldig vir die tydperk deur die Raad vasgestel en in die vrystelling-sertifikaat vermeld.

SPECIFIC STIPULATIONS WITH REGARD TO OPERATIONS**FOODHANDLING OPERATIONS***Duties of persons in charge of food premises*

1. Every person in charge of a premises where food is handled, must—

1.1 ensure that only food, fit for human consumption be supplied;

1.2 ensure that adequate steps are taken to prevent the contamination of foodstuffs at all times.

2. No person shall on a premises where food is handled, or in the vicinity of the preparation of foodstuffs, do anything which may in any way contaminate the aforementioned food.

OPERATIONS REGARDING THE CARE OF CHILDREN*Duties of persons in charge of operations with regard to the care of children*

1. No persons shall take care of children other than in an approved childminder resort.

2. Every person in charge of an operation with regard to the care of children must—

2.1 ensure that a play area of adequate size for the number of children that are taken care of, is provided;

2.2 ensure that an eating- and sleeping area of adequate size for the number of children that are taken care of for longer than four hours per day, is provided;

2.3 ensure as far as practicable that the care of children in his custody is such that the spread of communicable diseases is avoided;

2.4 ensure that a child in care, receives adequate care and treatment for any sickness or abnormality that may occur in the child;

2.5 ensure that adequate steps are taken to safeguard the children cared for;

2.6 ensure that all the children are under direct supervision of a person 18 years or older at all times;

2.7 ensure that each child cared for is provided with adequate physical and mental stimulation;

2.8 ensure that the children cared for for four hours or longer, are adequately fed;

2.9 ensure that a proper written record in respect of each child cared for be kept, which contain the following information;

2.9.1 Name, surname and street address of the place of residence of the child;

2.9.2 telephone number and street address of a person to contact in case of emergency affecting that child;

2.9.3 all the immunizations against disease that have been administered to that child;

2.10 immediately notify a medical practitioner, nurse or social worker of any circumstance giving rise to the suspicion that a child in his care has been ill-treated, or suffer from any injury, single or multiple, the cause of which might have been deliberate, or suffers from nutrition deficiency disease.

3. A nurse, social worker or health inspector who receives any notification contemplated in section 2.10 should have the child involved examined by a doctor and take the necessary actions in terms of the stipulations of the Child Care Act, 1983 (Act No. 74 of 1983).

CHAPTER 4: GENERAL**1. Exemptions:**

1.1 The Council can give any person written exemption to comply with all or any of these by-laws where such non-compliance in the opinion of the Council does not or will not cause a health nuisance.

1.2 Such exemptions are subjected to the conditions of and valid for the period determined by the Council and stated in the exemption certificate.

2. Strafbepalings:

Enigteen wat enige bepaling van hierdie verordeninge oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen of veroorsaak of toelaat of duld dat iemand anders dit doen, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar soos voorgeskryf ingevolge van artikel 105 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939).

J. J. COETZEE,

Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.

Burgersentrum, Boksburg.

20 April 1994.

(Kennisgewing No. 62/1994)

(1/2/3/55, 1/2/3/2, 1/2/3/25, 1/2/3/34, 1/2/3/14, 1/2/3/16, 1/2/3/8, 1/2/3/45)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1274
STADSRAAD VAN BOKSBURG
ELEKTRISITEITSVOORSIENING: WYSIGING VAN TARIIEWE

Dit word hierby bekendgemaak dat die Stadsraad van Boksburg, ingevolge 'n spesiale besluit van die Raad geneem op 29 Maart 1994, van voorneme is om sy Elektrisiteitstariiewe ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, te wysig en dat sodanige wysigings ingevolge artikel 80B (1) (c) van die vermelde Ordonnansie op 1 April 1994 in werking tree.

'n Afskrif van die bovermelde besluit van die Raad en besonderhede van die beoogde wysiging van die elektrisiteitstariiewe is gedurende kantoorure by Kamer 224, Tweede Verdieping, Burgersentrum, Trichardtsweg, Boksburg, vir 'n tydperk van 14 dae vanaf publikasie hiervan in die *Offisiële Koerant* naamlik 20 April 1994 ter insae beskikbaar.

Enige persoon wat beswaar teen die beoogde wysiging wil aanteken moet binne 14 dae na publikasie hiervan in die *Offisiële Koerant* naamlik 20 April 1994 sy beswaar skriftelik by die Uitvoerende Hoof/Stadsklerk indien.

J. J. COETZEE,

Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.

Burgersentrum, Boksburg.

20 April 1994.

(Kennisgewing No. 63/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1275
STADSRAAD VAN BOKSBURG

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalinge van artikel 65bis (2) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Boksburg ingevolge die bepalinge van artikel 65bis (1) (b) van die gemelde ordonnansie besluit het om die pad oor 'n gedeelte van Erf 322, dorp Sunward Park, as stilhouplek en standplaas vir voertuie te bepaal.

Die gemelde besluit van die Stadsraad van Boksburg lê ter insae in Kantoor 201, Tweede Verdieping, Burgersentrum, Trichardtsweg, Boksburg, vanaf die datum hiervan tot 11 Mei 1994. Iedereen wat 'n beswaar het teen die gemelde besluit, moet sy beswaar skriftelik by die Uitvoerende Hoof/Stadsklerk van Boksburg, Posbus 215, Boksburg, 1460, voor of op 11 Mei 1994 indien.

J. J. COETZEE,

Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.

Burgersentrum, Boksburg.

20 April 1994.

(Kennisgewing No. 61/1994.)

2. Penalty Clause:

Any person who contravenes any stipulation of this by-laws or fails to comply or cause or allowed or bear that any other person does, shall be guilty of an offence and with conviction punishable as prescribed in section 105 of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939).

J. J. COETZEE,

Chief Executive/Town Clerk.

Civic Centre, Boksburg.

20 April 1994.

(Notice No. 62/1994)

(1/2/3/55, 1/2/3/2, 1/2/3/25, 1/2/3/34, 1/2/3/14, 1/2/3/16, 1/2/3/8, 1/2/3/45)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1274
CITY COUNCIL OF BOKSBURG
AMENDMENT OF ELECTRICITY TARIFFS

Notice is hereby given that the City Council of Boksburg, in pursuance of a special resolution of the Council adopted at its meeting held on 29 March 1994, intends amending its Electricity Supply Tariffs in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939, and that such amendment will in terms of section 80B (1) (c) of the said Ordinance come into effect on 1 April 1994.

A copy of the Council's resolution and details of the proposed amendment to the electricity tariffs of charges will be available for perusal in Room 224, Second Floor, Civic Centre, Trichardts Road, Boksburg, during normal office hours for a period of 14 days from the date of publication of this notice in the *Official Gazette* i.e. 20 April 1994.

Any person wishing to object to the proposed amendment must lodge his objections with the Chief Executive/Town Clerk in writing within 14 days from publication of this notice in the *Official Gazette* i.e. 20 April 1994.

J. J. COETZEE,

Chief Executive/Town Clerk.

Civic Centre, Boksburg.

20 April 1994.

(Notice No. 63/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1275
CITY COUNCIL OF BOKSBURG

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 65bis (2) of the Local Government Ordinance, 1939, that the City Council of Boksburg in terms of the provisions of section 65bis (1) (b) of the said ordinance has resolved to fix the road over a portion of Erf 322, Sunward Park Township, as a stopping place and stand for public vehicles.

The said resolution of the City Council of Boksburg is lying for inspection in Office 201, Second Floor, Civic Centre, Trichardts Road, Boksburg, from the date hereof to 11 May 1994. Any persons who has any objection against the said resolution, shall lodge the objection in writing to the Chief Executive/Town Clerk of Boksburg, P.O. Box 215, Boksburg, 1460, before or on 11 May 1994.

J. J. COETZEE,

Chief Executive/Town Clerk.

Civic Centre, Boksburg.

20 April 1994.

(Notice No. 61/1994.)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1276**STADSRAAD VAN DELMAS****WYSIGING VAN TARIWE: HUUR VAN SALE**

Ingevolge artikel 80B (8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, soos gewysig, word hiermee bekendgemaak dat die Stadsraad van Delmas, by spesiale besluit, die tariewe, soos in Bylae B, Tarief van Gelde vermeld, met ingang 1 Januarie 1994, gewysig het:

1. Deur in item 1 (a) die woorde "Verkleinsings, politieke doeleindes" met die woorde "Algemene Vergaderings" te vervang.
2. Deur in item 1 (c) die woorde "Kandidate vir Munisipale Verkeersings" met die woorde "Openbare Politieke Vergaderings wat politieke werwingsveldtogte insluit" te vervang.
3. Deur in item 1 (c) die syfers "R50, R30, R100 en R130" te skrap.
4. Deur in item 1 (c) die syfer "R100" vermeld teenoor die Feesaal met die syfer "R350" te vervang.

J. LUWES, Pr, SK,

Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.

Munisipale Kantore, Posbus 6, Delmas, 2210.

(Kennisgewing No. 11/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1277**STADSRAAD VAN DELMAS****WYSIGING VAN VERORDENINGE: SALE**

Ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, soos gewysig, word hiermee bekendgemaak dat die Stadsraad van Delmas, by spesiale besluit, die Verordeninge wat verband hou met die Verhuur van Sale gewysig het:

1. Deur item 11 (4) met die volgende te vervang:

"(4) Benewens die deposito bepaal in Bylae B hierby, kan die Stadsklerk na goeddunke van die huurder vereis om vooraf 'n deposito te betaal of 'n bankwaarborg te verskaf vir 'n bedrag wat onderskeidelik nie R250 ten opsigte van algemene verhuurings en R5 000 ten opsigte van openbare politieke vergaderings wat politieke werwingsveldtogte insluit te bowe gaan nie om enige moontlike beskadiging of verlies te dek. Indien die beskadiging of verlies die bedrag van enige deposito of waarborg oorskry, is die huurder aanspreeklik vir sodanige oorskryding. Indien daar geen verlies of beskadiging is nie, word die deposito terugbetaal."

J. LUWES,

Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.

Munisipale Kantore, Posbus 6, Delmas, 2210.

(Kennisgewing No. 12/1994.)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1278**STADSRAAD VAN EDENVALE****WYSIGING VAN TARIEF VAN GELDE: WATERVOORSIENING**

Daar word hierby bekendgemaak dat die Raad, by spesiale besluit, ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die Tarief van Gelde: Watervoorsiening met ingang van 1 April 1994, gewysig het.

Die strekking van die wysiging is 'n verhoging van tariewe as gevolg van 'n verhoging van die tarief betaalbaar deur die Raad aan Randwaterraad.

Afskrifte van hierdie wysiging lê ter insae by die kantoor van die Raad vir 'n tydperk van 14 dae vanaf die datum van publikasie hiervan.

LOCAL GOVERNMENT NOTICE 1276**TOWN COUNCIL OF DELMAS****AMENDMENT OF TARIFFS: HIRE OF HALLS**

In terms of section 80B (8) of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, as amended, it is hereby notified that the Town Council of Delmas has, by special resolution, amended the tariffs as set out in Schedule B of the Tariffs of Charges, with effect from 1 January 1994.

1. By the substitution in item 1 (a) of the words "Elections, political purpose" for the words "General Meetings".
2. By the substitution in item 1 (c) of the words "Candidates for Municipal elections" for the words "Public Political Meetings with inclusion of recruiting campaigns".
3. By the deletion in item 1 (c) of the figures "R50, F30, R100 and R130".
4. By the substitution in item 1 (c) of the figure "R100" mentioned under the word Festive Hall for the figure "R350".

J. LUWES, Pr, TC,

Chief Executive/Town Clerk.

Municipal Offices, P.O. Box 6, Delmas, 2210.

(Notice No. 11/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1277**TOWN COUNCIL OF DELMAS****AMENDMENT OF BY-LAWS: HALLS**

In terms of section 96 of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, it is hereby notified that the Town Council of Delmas has, by special resolution, amended the By-laws relating to the Hire of Halls as follows:

1. By the substitution of item 11 (4) with the following:

"(4) In addition to the deposit specified in Schedule B hereto, the Town Clerk may in his discretion, require the hirer beforehand to make a deposit of or provide a banker's guarantee for an amount not exceeding respectively R250 in respect of general lease and R5 000 in respect of public political meetings which include political recruiting campaigns to cover any possible damage or loss. Should the damage or loss exceed the amount of any deposit or guarantee, the hirer shall be liable for such excess. Should there be no damage or loss the deposit shall be refunded."

J. LUWES,

Chief Executive/Town Clerk.

Municipal Offices, P.O. Box 6, Delmas, 2210.

(Notice No. 12/1994.)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1278**TOWN COUNCIL OF EDENVALE****AMENDMENT OF TARIFF OF CHARGES: WATER SUPPLY**

It is hereby notified in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939, that the Council has, by special resolution, amended the Tariff of Charges: Water Supply with effect from 1 April 1994.

The purport of these amendments are the raising of tariffs due to a raise in the tariff payable by the Council to Rand Water Board.

Copies of these amendments are open for inspection at the offices of the Council for a period of 14 days from the date of publication hereof.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysiging wens aan te teken, moet dit skriftelik by die Stadsklerk doen nie later nie as 4 Mei 1994.

P. J. JACOBS,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore, Posbus 25, Edenvale, 1610.

20 April 1994.

(Kennisgewing No. 47/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1279

STADSRAAD VAN EDENVALE

WYSIGING VAN DIE ELEKTRISITEITSVERORDENINGE

Die Stadsklerk van Edenvale publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit wat deur die Raad ingevolge artikel 96 van die voormelde Ordonnansie opgestel is.

Die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit van Edenvale, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 1634 van 20 September 1972, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in artikel 10 (2) die woorde "twaalf maande" met die woorde "drie jaar" te vervang.

P. J. JACOBS,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore, Posbus 25, Edenvale, 1610.

20 April 1994.

(Kennisgewing No. 10/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1280

STADSRAAD VAN EDENVALE

WYSIGING VAN DIE WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE

Die Stadsklerk van Edenvale publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit wat deur die Raad ingevolge artikel 96 van die voormelde Ordonnansie opgestel is.

Die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit van Edenvale, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 778 van 29 Junie 1977, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in artikel 11 (8) die woorde "twaalf maande" met die woorde "drie jaar" te vervang.

P. J. JACOBS,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore, Posbus 25, Edenvale, 1610.

20 April 1994.

(Kennisgewing No. 11/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1281

STADSRAAD VAN FOCHVILLE

WYSIGING VAN GELDE VIR DIE VOORSIENING VAN ELEKTRISITEIT

Daar word hiermee ingevolge die bepalings van artikel 80B (8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekendgemaak dat die Stadsraad van Fochville, by spesiale besluit, die gelde vir die voorsiening van elektrisiteit gepubliseer in *Offisiële Koerant* No. 4521 van 26 Augustus 1987, met ingang van 1 Februarie 1994, verder te wysig deur Deel 1 van die Tarief van Gelde in—

item 2 (b) (ii) die syfer "14,988c" deur die syfer "15,362c" te vervang;

item 2 (b) (iii) die syfer "16c" deur die syfer "16,375c" te vervang;

Any person who desires to record his objection to the said amendments must do so in writing to the Town Clerk not later than 4 May 1994.

P. J. JACOBS,
Town Clerk.

Municipal Offices, P.O. Box 25, Edenvale, 1610.

20 April 1994.

(Notice No. 47/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1279

TOWN COUNCIL OF EDENVALE

AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS

The Town Clerk of Edenvale hereby publishes in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, the by-laws set forth hereinafter which are made by the Council in terms of section 96 of the aforementioned Ordinance.

The Electricity By-laws of the Edenvale Municipality, adopted by Administrator's Notice No. 1634, dated 20 September 1972, as amended, are hereby amended by the substitution in section 10 (2) for the words "twelve months" of the words "three years".

P. J. JACOBS,
Town Clerk.

Municipal Office, P.O. Box 25, Edenvale, 1610.

20 April 1994.

(Notice No. 10/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1280

TOWN COUNCIL OF EDENVALE

AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS

The Town Clerk of Edenvale hereby publishes in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, the by-laws set forth hereinafter which are made by the Council in terms of section 96 of the aforementioned Ordinance.

The Water Supply By-laws of the Edenvale Municipality, adopted by Administrator's Notice No. 778 dated 29 June 1977, as amended, are hereby amended by the substitution in section 11 (8) for the words "twelve months" of the words "three years".

P. J. JACOBS,
Town Clerk.

Municipal Office, P.O. Box 25, Edenvale, 1610.

20 April 1994.

(Notice No. 11/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1281

TOWN COUNCIL OF FOCHVILLE

AMENDMENT OF CHARGES FOR ELECTRICITY SUPPLY

Notice is hereby given in terms of section 80B (8) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Fochville, has, by special resolution, further amended the charges for electricity supply published in *Official Gazette* No. 4521 of 26 August 1987, with effect from 1 February 1994, by the substitution in Part 1 of the Tariff of Charges in—

item 2 (b) (ii) for the figure "14,988c" of the figure "15,362c";

item 2 (b) (iii) for the figure "16c" of the figure "16,375c";

item 3 (b) (iii) die syfer "15,270c" deur die syfer "15,644c" te vervang;
 item 5 (i) die syfer "13,101c" deur die syfer "13,475c" te vervang;
 item 3 (b) (ii) die syfer "R32,20" deur die syfer "R33,98" te vervang;
 item 5 (iii) die syfer "R30,81" deur die syfer "R32,59" te vervang;
 item 3 (b) (iii) die syfer "15,270c" deur die syfer "15,644c" te vervang.

A. W. RHEEDER,
 Stadsklerk.

Munisipale Kantore, Posbus 1, Fochville, 2515.
 (Kennisgewing No. 7/20/4/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1282

STAD GERMISTON

KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA

Die Stadsraad van Germiston gee hiermee ingevolge artikel 28 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), kennis dat 'n ontwerp dorpsbeplanningskema, bekend te staan as Germiston-wysigingskema 453, deur hom opgestel is.

Hierdie skema is 'n wysigingskema en bevat die volgende voorstelle:

(a) Die wysiging van klousules 9.1 (b) en 12 om voorsiening te maak vir 'n terreinontwikkelingsplan in enige gebruiksones.

(b) Die wysiging van klousules 22 en 22.7 om voorsiening te maak dat aansoeke vir tweede wooneenhede net op die perseel geadverteer word.

(c) Die wysiging van klousule 24.2 deur die byvoeging van 'n verdere hoogtesone tot Tabel "H".

Die ontwerp skema lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsingenieur, Derde Verdieping, Samiesentrum, hoek van Queen- en Spilsburystraat, Germiston, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 20 April 1994.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die skema moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 20 April 1994 skriftelik by of tot die Stadsekretaris by die Burgersentrum, of by Posbus 145, Germiston, ingedien of gerig word.

J. P. D. KRIEK,
 Stadsekretaris.

Burgersentrum, Crossstraat, Germiston.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1283

STADSRAAD VAN GERMISTON

WYSIGING VAN VASSTELLING VAN GELDE VIR DIE GOEDKEURING VAN BOU- EN RIOOLPLANNE

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 80B (3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Germiston, by spesiale besluit, die gelde vir die goedkeuring van bou- en rioolplanne ingevolge artikel 80B (1) van genoemde Ordonnansie hervasgestel het.

Die algemene strekking van die vasstelling is om die gelde vir die goedkeuring van bou- en rioolplanne her vas te stel en om sekere uitdrukkings beter te omskryf.

Die vasstelling sal op 1 April 1994 in werking tree.

'n Afskrif van die besluit en besonderhede van die vasstelling lê gedurende kantoorure by Kamer 037, Burgersentrum, Crossstraat, Germiston, ter insae vir 'n tydperk van 14 (veertien) dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die *Offisiële Koerant*, te wete vanaf 20 April 1994 tot 4 Mei 1994.

item 3 (b) (iii) for the figure "15,270c" of the figure "15,644c";
 item 5 (i) for the figure "13,101c" of the figure "13,475c";
 item 3 (b) (ii) for the figure "R32,20" of the figure "R33,98";
 item 5 (iii) for the figure "R30,81" of the figure "R32,59";
 item 3 (b) (iii) for the figure "15,270c" of the figure "15,644c".

A. W. RHEEDER,

Town Clerk.

Municipal Offices, P.O. Box 1, Fochville, 2515.

(Notice No. 7/20/4/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1282

CITY OF GERMISTON

NOTICE OF DRAFT SCHEME

The City Council of Germiston hereby gives notice in terms of section 28 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that a draft town-planning scheme to be known as Germiston Amendment Scheme 453, has been prepared by it.

This is an amendment scheme and contains the following proposals:

(a) The amendment of clause 9.1 (b) and 12 to provide for a site development plan in any use zone.

(b) The amendment of clause 22 and 22.7 to permit applications for second dwelling-units to be advertized on site only.

(c) The amendment of clause 24.2 by the addition of a further height zone to Table "H".

The draft scheme will lie open for inspection during normal office hours at the office of the City Engineer, Third Floor, Samie Building, corner of Queen and Spilsbury Streets, Germiston, for a period of 28 days from 20 April 1994.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged with or made in writing to the Town Secretary at the Civic Centre, or at P.O. Box 145, Germiston, 1400, within a period of 28 days from 20 April 1994.

J. P. D. KRIEK,

Town Secretary.

Civic Centre, Cross Street, Germiston.

20-27

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1283

CITY COUNCIL OF GERMISTON

AMENDMENT TO THE DETERMINATION OF CHARGES FOR THE APPROVAL OF BUILDING AND DRAINAGE PLANS

It is hereby notified in terms of section 80B (3) of the Local Government Ordinance, 1939, that the City Council of Germiston, by special resolution, redetermined the charges for the approval of building and drainage plans in terms of section 80B (1) of the said Ordinance.

The general purport of the determination is to redetermine the charges for the approval of building and drainage plans and to redefine certain expressions.

The determination will come into effect on 1 April 1994.

A copy of the resolution and particulars of the determination are open for inspection during office hours at Room 037, Civic Centre, Cross Street, Germiston, for a period of 14 (fourteen) days from the date of publication of this notice in the *Official Gazette*, to wit from 20 April 1994 until 4 May 1994.

Enige persoon wat beswaar teen die vasstelling wil maak moet dit skriftelik by die Stadsklerk doen binne 14 (veertien) dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die *Offisiële Koerant*, te wete 20 April 1994 tot 4 Mei 1994.

A. W. HEYNEKE,
Stadsklerk.

Burgersentrum, Crosstraat, Germiston.
(Kennisgewing No. 47/1994)

Any person who desires to object to this determination must do so in writing to the Town Clerk within 14 (fourteen) days from the date of publication of this notice in the *Official Gazette*, to wit from 20 April 1994 until 4 May 1994.

A. W. HEYNEKE,
Town Clerk.

Civic Centre, Cross Street, Germiston.
(Notice No. 47/1994)

20-27

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1284

STAD JOHANNESBURG

KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA

WYSIGINGSKEMA 4234

Die Stadsraad van Johannesburg gee hierby ingevolge artikel 28 (1) (a) gelees saam met artikel 55 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), kennis dat 'n ontwerp-dorpsbeplanningskema, wat as Johannesburgse Wysigingskema 4234 bekend gaan staan, deur hom opgestel is.

Hierdie skema is 'n wysigingskema en bevat die volgende voorstelle:

Om Erf 2792, Jeppestown, te hersoneer vanaf "Residensieel 1" tot "Openbare Garage", onderworpe aan voorwaardes.

Die uitwerking hiervan is om die bogenoemde erf as 'n openbare garage te ontwikkel.

Die ontwerpskema is vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 20 April 1994 gedurende gewone kantoorure ter insae in die kantoor van die Stadsklerk, p.a. Die Stadsbeplanningsdepartement, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg.

Besware teen of verhoë in verband met die skema moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 20 April 1994 skriftelik by die Stadsklerk by bogenoemde adres besorg of aan Posbus 30733, Braamfontein, 2017, gerig word.

G. N. PADAYACHEE,
Stadsklerk.

Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1284

CITY OF JOHANNESBURG

NOTICE OF DRAFT SCHEME

AMENDMENT SCHEME 4234

The City Council of Johannesburg hereby gives notice in terms of section 28 (1) (a) read in conjunction with section 55 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that a draft town-planning scheme, to be known as Johannesburg Amendment Scheme 4234, has been prepared by it.

This scheme is an amendment scheme and contains the following proposals:

To rezone Erf 2792, Jeppestown, from Residential 4 to Public Garage, subject to conditions.

The effect is to enable the above-mentioned erf to be developed as a public garage site.

The draft scheme will lie for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk, c/o City Planning Department, Seventh Floor, Room 760, Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg, for a period of 28 days from 20 April 1994.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged with or made in writing to the Town Clerk at the above address or at P.O. Box 30733, Braamfontein, 2017, within a period of 28 days from 20 April 1994.

G. N. PADAYACHEE,
Town Clerk.

Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg.

20-27

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1285

STAD JOHANNESBURG

KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA

WYSIGINGSKEMA 4391

Die Stadsraad van Johannesburg gee hierby ingevolge artikel 28 (1) (a) gelees saam met artikel 55 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), kennis dat 'n ontwerp-dorpsbeplanningskema, wat as Johannesburgse Wysigingskema 4391 bekend gaan staan, deur hom opgestel is.

Hierdie skema is 'n wysigingskema en bevat die volgende voorstelle:

Om Gedeelte 2 van Erf 1, en deel van Gedeelte 7 van Erf 1, Glenesk, te hersoneer van Kommersieel 2 na Openbare Oopruimte insluitend kantore, winkels, restaurante, kantiene en stoorplekke.

Die uitwerking hiervan is om die terrein te gebruik as 'n meerdoe-lige sportsfasiliteit.

Die ontwerpskema is vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 20 April 1994 gedurende gewone kantoorure ter insae in die kantoor van die Direkteur: Stadsbeplanning, p.a. Die Stadsbeplanningsdepartement, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg.

Besware teen of verhoë in verband met die skema moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 20 April 1994 skriftelik by die Direkteur: Stadsbeplanning by bogenoemde adres besorg of aan Posbus 30733, Braamfontein, 2017, gerig word.

G. N. PADAYACHEE,
Stadsklerk.

Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1285

CITY OF JOHANNESBURG

NOTICE OF DRAFT SCHEME

AMENDMENT SCHEME 4391

The City Council of Johannesburg hereby gives notice in terms of section 28 (1) (a) read in conjunction with section 55 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that a draft town-planning scheme, to be known as Johannesburg Amendment Scheme 4391, has been prepared by it.

This scheme is an amendment scheme and contains the following proposals:

To rezone Portion 2 of Erf 1, and part of Portion 7 of Erf 1, Glenesk, from Commercial 2 to Public Open Space plus public sport and recreational buildings and ancillary uses including offices, shops, restaurants, canteens and storage.

The effect is to utilise the site as a multi-purpose sports facility.

The draft scheme will lie for inspection during normal office hours at the office of the Director: City Planning, c/o City Planning Department, Seventh Floor, Room 760, Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg, for a period of 28 days from 20 April 1994.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged with or made in writing to the Director: City Planning at the above address or at P.O. Box 30733, Braamfontein, 2017, within a period of 28 days from 20 April 1994.

G. N. PADAYACHEE,
Town Clerk.

Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg.

20-27

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1286**STAD JOHANNESBURG****KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA****(WYSIGINGSKEMA 4074)**

Die Stadsraad van Johannesburg gee hierby ingevolge artikel 28 (1) (a) gelees saam met artikel 55 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), kennis dat 'n ontwerp-dorpsbeplanningskema, wat as Johannesburg se Wysigingskema 4074 bekend gaan staan, deur hom opgestel is.

Hierdie skema is 'n wysigingskema en bevat die volgende voorstelle:

Om die resterende gedeelte van Gedeelte 21 en Gedeelte 22 van Erf 578, Newclare, te hersoneer vanaf Residensiële 4 na Inrigting.

Die uitwerking hiervan is om 'n aantal gemeenskapgebruike as primêre regte toe te laat.

Die ontwerpskema is vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 20 April 1994 gedurende gewone kantoorure ter insae in die kantoor van die Direkteur: Stadsbeplanning, p.a. Die Stadsbeplanningsdepartement, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg.

Besware teen of vertoë in verband met die skema moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 20 April 1994 skriftelik by die Direkteur: Stadsbeplanning by bogenoemde adres besorg of aan Posbus 30733, Braamfontein, 2017, gerig word.

G. N. PADAYACHEE,

Stadsklerk.

Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1287**STAD JOHANNESBURG****KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA****(WYSIGINGSKEMA 4611)**

Die Stadsraad van Johannesburg gee hierby, ingevolge artikel 28 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), kennis dat 'n ontwerp-dorpsbeplanningskema bekend te staan as Johannesburgse Wysigingskema 4611, deur hom opgestel is.

Hierdie skema is 'n wysigingskema en bevat die volgende voorstelle:

Om 'n gedeelte van Erf 4925 en Erf 5476, Eldorado Park-uitbreiding 4, onderskeidelik te hersoneer van Besigheid 3 en Publieke Oop Ruimte na Gedeeltelik Publieke Pad, Gedeeltelik Residensiële 1, Hoogte Sone 0 (3 verdiepings), 1 woonhuis per 300 m² en Gedeeltelik Residensiële 3, Hoogte Sone 8 (2 verdiepings).

Die uitwerking hiervan is om residensiële erwe te skep.

Die ontwerpskema lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Departement Stadsbeplanning, Sewende Verdieping, Kamer 760, Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 20 April 1994.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 20 April 1994 skriftelik by of tot die Direkteur: Stadsbeplanning by die bogenoemde adres of by Posbus 30733, Braamfontein, 2017, ingedien of gerig word.

G. N. PADAYACHEE,

Stadsklerk.

Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1288**STADSRAAD VAN KEMPTON PARK****KEMPTON PARK-WYSIGINGSKEMA 451**

Die Stadsraad van Kempton Park gee hiermee ingevolge artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), kennis dat 'n aansoek om hersonering van Gedeelte 1 van Erf 491, dorp Isando-uitbreiding 1 vanaf "Nywerheid 3" na "Nywerheid 3" met 'n verhoogde dekking goedgekeur is.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1286**CITY OF JOHANNESBURG****NOTICE OF DRAFT SCHEME****(AMENDMENT SCHEME 4074)**

The City Council of Johannesburg hereby gives notice in terms of section 28 (1) (a) read in conjunction with section 55 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that a draft town-planning scheme, to be known as Johannesburg Amendment Scheme 4074 has been prepared by it.

This scheme is an amendment scheme and contains the following proposals:

To rezone the remaining extent of Portion 21 and Portion 22 of Erf 578, Newclare, from Residential 4 to Institutional.

The effect is to permit a number of community uses as a primary right.

The draft scheme will lie for inspection during normal office hours at the office of the Director: City Planning, c/o City Planning Department, Seventh Floor, Room 760, Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg, for a period of 28 days from 20 April 1994.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged with or made in writing to the Director: City Planning at the above address or at P.O. Box 30733, Braamfontein, 2017, within a period of 28 days from 20 April 1994.

G. N. PADAYACHEE,

Town Clerk.

Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg.

20-27

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1287**CITY OF JOHANNESBURG****NOTICE OF DRAFT SCHEME****(AMENDMENT SCHEME 4611)**

The City Council of Johannesburg hereby gives notice in terms of section 28 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that a draft town-planning scheme to be known as Johannesburg Amendment Scheme 4611 has been prepared by it.

This scheme is an amendment scheme and contains the following proposals:

To rezone a portion of Erf 4925 and Erf 5476, Eldoradopark Extension 4, from Business 3 and Public Open Space respectively to Part Existing Public Road, Part Residential 1 Height Zone 0 (3 storeys), one dwelling per 300 m², and Part Residential 3, Height Zone 8 (2 storeys).

The effect is to create residential erven.

The draft scheme will lie for inspection during normal office hours at the office of the City Planning Department, Seventh Floor, Room 760, Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg, for a period of 28 days from 20 April 1994.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged with or made in writing to the Director: City Planning at the above address or at P.O. Box 30733, Braamfontein, 2017, within a period of 28 days from 20 April 1994.

G. N. PADAYACHEE,

Town Clerk.

Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg.

20-27

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1288**CITY COUNCIL OF KEMPTON PARK****KEMPTON PARK AMENDMENT SCHEME 451**

The Kempton Park City Council hereby gives notice in terms of section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that an application for the rezoning of Portion 1 of Erf 491, Isando Extension 2 Township, from "Industrial 3" to "Industrial 3" with an increase in coverage has been approved.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsklerk, Kamer 209, Stadhuis, Margaretlaan, Kempton Park, en die kantoor van die Direkteur-generaal, Transvaalse Provinsiale Administrasie, Tak: Gemeenskapsontwikkeling, Privaatsak X437, Pretoria.

Hierdie wysigingskema staan bekend as Kempton Park-wysigingskema 451 en tree op datum van publikasie van hierdie kennisgewing in werking.

H-J. K. MÜLLER,
Stadsklerk.

Stadhuis, Margaretlaan, Posbus 13, Kempton Park.

20 April 1994.

(Kennisgewing No. 46/1994)

[Verw. No. DA 1/1/451(K) DA 6/9/491 Ged 1.]

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1289

STADSRAAD VAN KEMPTON PARK

VASSTELLING VAN TARIWE VIR DIE GEBRUIK VAN DIE BINNENSHUISE SPORTSENTRUM

Daar word hierby ingevolge artikel 80B (8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekendgemaak dat die Raad die volgende tariewe vir die gebruik van die Binnenshuise Sportsentrum met ingang van 1 Desember 1993 vasgestel het:

(i) **Onspanningsgroepe**

Hoofsaal: R50,00 per uur.
Kleiner saal: R25,00 per uur.

(ii) **Publiek**

Vrydae

16:00–24:00: R500,00.

Saterdag en Sondag

08:00–13:00: R200,00.

13:00–18:00: R300,00.

18:00–24:00: R400,00.

Deposito: R250,00 per geleentheid.

Kortings: 50% aan die volgende instansies en/of organisasies:

- (a) Plaaslike geregistreerde liefdadigheids- of kulturele organisasies wat oor 'n W/O nommer beskik;
- (b) Artikel 59 en artikel 60-komitees van die Raad, asook plaaslike geaffilieerde kulturele organisasies; en
- (c) skole en kerke binne die grense van Kempton Park.

(iii) **Weeksdae**

Enige instansie of publiek: R50,00 per uur (Geen korting).

(iv) **Advertensies**

Balkon: R500,00 per jaar per 1 m² metaalbord.

Muur: R1 000,00 per jaar per 1 × 3m metaalbord.

Advertensies moet esteties voldoen aan standaard gestel deur die Hoof van Parke en Ontspanning.

(v) **Elektroniese telbord**

R50,00 per dag of R300,00 per maand.

H-J. K. MÜLLER,
Stadsklerk.

Stadhuis, Margaretlaan, Posbus 13, Kempton Park.

20 April 1994.

(Kennisgewing No. 50/1994.)

[Verw. FIN43/19(I)]

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme will be open for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk, Room 209, City Hall, Margaret Avenue, Kempton Park, and the office of the Director-General, Transvaal Provincial Administration, Community Development Branch, Private Bag X437, Pretoria.

This amendment scheme is known as Kempton Park Amendment Scheme 451 and shall be deemed to be an approved scheme on date of publication of this notice.

H-J. K. MÜLLER,
Town Clerk.

City Hall, Margaret Avenue, P.O. Box 13, Kempton Park.

20 April 1994.

(Notice No. 46/1994)

[Ref. No. DA 1/1/451(K) DA 6/9/491 Ged. 1.]

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1289

CITY COUNCIL OF KEMPTON PARK

DETERMINATION OF TARIFFS FOR THE USE OF THE INDOOR SPORTS CENTRE

It is hereby notified in terms of section 80B (8) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Council has determined the following tariffs for the use of the Indoor Sports Centre with effect from 1 December 1993:

(i) **Recreational Groups**

Main hall: R50,00 per hour.
Small halls: R25,00 per hour.

(ii) **Public**

Fridays

16:00–24:00: R500,00.

Saturdays and Sundays

08:00–13:00: R200,00.

13:00–18:00: R300,00.

18:00–24:00: R400,00.

Deposit: R250,00 per use.

Discounts: 50% to the following institutions and/or organisations:

- (a) Local registered welfare or cultural organisations with a W/O number;
- (b) Sections 59 and 60 Committees of the Council, as well as local affiliated cultural organisations; and
- (c) schools and churches situated within the municipal boundaries of Kempton Park.

(iii) **Weekdays**

Any institution or public: R50,00 per hour (No discount).

(iv) **Advertisements**

Balcony: R500,00 per year per 1 m² metal board.

Wall: R1 000,00 per year per 1 × 3m metal board.

Advertisements must comply with the aesthetic standards as determined by the Chief of Parks and Recreation.

(v) **Electronic Scoreboard**

R50,00 per day of R300,00 per month.

H-J. K. MÜLLER,
Town Clerk.

City Hall, Margaret Avenue, P.O. Box 13, Kempton Park.

20 April 1994.

(Notice No. 50/1994.)

[Ref. FIN43/19(I)]

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1290**STADSRAAD VAN KLERKSDORP****KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA**

Die Stadsraad van Klerksdorp gee hiermee ingevolge artikel 28 (1) (a), gelees met artikel 55, van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat 'n ontwerp dorpsbeplanningskema, bekend te staan as Klerksdorp-wysigingskema 393, deur hom opgestel is.

Hierdie skema is 'n wysigingskema en bevat die volgende voorstel: Die hersonering van 'n gedeelte van Gedeelte 466 van die plaas Townlands of Klerksdorp 424 IP, van "Openbare Oopruimte" en "Munisipaal" na "Spesiaal" vir die doel van besighede, winkels, verversingsplekke, vermaaklikheidsplekke, openbare garage (vulstasie), hotel en/of motel en kantore wat aanvullend is tot en direk verband hou met en ondergeskik is aan die hoofgebruik, asook spesiale gebruike met die spesiale toestemming van die plaaslike bestuur.

Die ontwerp skema lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Uitvoerende Hooft/Stadsklerk, Kamer 106, Burgersentrum, Pretoriastraat, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 20 April 1994.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die skema moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 20 April 1994, skriftelik by of tot die Uitvoerende Hooft/Stadsklerk by bovermelde adres of by Posbus 99, Klerksdorp, ingedien of gerig word.

J. L. MULLER,
Uitvoerende Hooft/Stadsklerk.
Burgersentrum, Klerksdorp.
16 Maart 1994.
(Kennisgewing No. 36/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1291**STADSRAAD VAN KRUGERSDORP****VOORGESTELDE WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE VASTE AFVAL EN SANITEIT**

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van voorneme is om sy Verordeninge betreffende Vaste Afval en Saniteit te wysig.

Die algemene strekking van die wysiging is om 'n tarief vir die storting van bultebande by die stortterreine van die Raad, te hef.

'n Afskrif van die voorgestelde wysiging lê gedurende gewone kantoorure, vir 'n tydperk van 14 (veertien) dae vanaf die datum van publikasie hiervan, by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer S210, Burgersentrum, Krugersdorp, ter insae.

'n Afskrif van die voorgestelde wysiging lê gedurende gewone kantoorure, vir 'n tydperk van 14 (veertien) dae vanaf die datum van publikasie hiervan, by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer S210, Burgersentrum, Krugersdorp, ter insae.

Enige persoon wat beswaar teen die voorgestelde wysiging wil aanteken, moet dit skriftelik, binne 14 (veertien) dae na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die *Offisiële Koerant* van 20 April 1994, by die ondergetekende indien.

J. C. RICHARDS,
Uitvoerende Hooft/Stadsklerk.
Burgersentrum, Posbus 94, Krugersdorp, 1740.
20 April 1994.
(Kennisgewing No. 33/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1292**STADSRAAD VAN MEYERTON****MEYERTON-DORPSBEPLANNINGSKEMA 1986****WYSIGINGSKEMA 77**

Die Meyerton-dorpsbeplanningskema, 1986, goedgekeur kragtens Administrateurskennisgewing No. 1704 van 4 November 1987, word hiermee soos volg gewysig:

1. Klousule 19 (e) geskrap word en vervang word met 'n punt 19 (2) wat soos volg lui:

Die uitoefening van 'n professie of beroep wat vanuit enige woon-eenheid of woonhuis of woongebou, bewoon deur sodanige persoon met sy gesin vir residensiële doeleindes, is onderworpe aan die spesiale toestemming van die Plaaslike Bestuur ingevolge die bepalinge van die dorpsbeplanningskema, 1986: Met dien verstande dat sodanige uitoefening nie die volgende meebring nie:

(i) Die gebruik van die gebou vir 'n "nywerheid" of 'n "hinderlike bedryf".

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1290**TOWN COUNCIL OF KLERKSDORP****NOTICE OF DRAFT SCHEME**

The City Council of Klerksdorp hereby gives notice in terms of section 28 (1) (a), read with section 55, of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that a draft town-planning scheme, to be known as Klerksdorp Amendment Scheme 393 has been prepared by it.

This scheme is an amendment scheme and contains the following proposal: The rezoning of a portion of Portion 466 of the farm Townlands of Klerksdorp 424 IP, from "Public Open Space" and "Municipal" to "Special" for the purpose of businesses, shops, places of refreshment, places of amusement, public garage (filling station), hotel and/or motel and offices complementary to and directly related to and ancillary to the predominant use, as well as special purposes with the special consent of the local authority.

The draft scheme will lie for inspection during normal office hours at the office of the Chief Executive/Town Clerk, Room 106, Civic Centre, Pretoria Street, for a period of 28 days from 20 April 1994.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged with or made in writing to the Chief Executive/Town Clerk at the above address or at P.O. Box 99, Klerksdorp, within a period of 28 days from 20 April 1994.

J. L. MULLER,
Chief Executive/Town Clerk.
Civic Centre, Klerksdorp.
16 March 1994.
(Notice No. 36/1994)

20-27

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1291**TOWN COUNCIL OF KRUGERSDORP****PROPOSED AMENDMENT TO REFUSE (SOLID WASTES) AND SANITARY BY-LAWS**

Notice is hereby given in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that the Town Council intends to amend its Refuse (Solid Wastes) and Sanitary By-laws.

The general purport of the amendment is to impose a tariff for the dumping of tyres at the disposal sites of the Council.

A copy of the proposed amendment is open for inspection at the office of the Town Secretary, Room S210, Civic Centre, Krugersdorp, during normal office hours, for a period of 14 (fourteen) days from the date of publication hereof.

Any person who desires to record an objection to the proposed amendment, must do so in writing, to the undersigned within 14 (fourteen) days after the date of publication of this notice in the *Official Gazette* of 20 April 1994.

J. C. RICHARDS,
Chief Executive/Town Clerk.
Civic Centre, P.O. Box 94, Krugersdorp, 1740.
20 April 1994.
(Notice No. 33/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1292**TOWN COUNCIL OF MEYERTON****MEYERTON TOWN-PLANNING SCHEME 1986****AMENDMENT SCHEME 77**

The Meyerton Town-planning Scheme, 1986, approved by virtue of Administrators Notice No. 1704 of 4 November 1987, is hereby amended as follows:

1. Clause 19 (e) is deleted and replaced by clause 19 (2) which reads as follows:

The practise of a profession or occupation from any dwelling-unit, residential building or dwelling-house occupied by a person with his family for residential purposes, is subject to the special consent of the Local Authority according to the Town-planning Scheme, 1986: Provided that such practise shall not involve the following:

(i) The use of the building as an "Industry" or "Noxious activity".

(ii) Die uitstalling van goedere in die openbaar, hetsy in 'n venster of andersins.

(iii) Die vertoning van enige kennisgewing of uithangbord, uitgesonderd 'n kennisgewing of uithangbord wat gewoonlik vertoon word by 'n woonhuis of wooneenheid om die naam en professie of beroep van die okkupant aan te dui.

(iv) 'n Benadeling van die bevaligheid van die omgewing.

(v) Die indiensneming van enige werknemer: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur tot die indiensneming of vennootskapneming van hoogstens twee persone mag toestem.

2. Klousule 18 (b) (i) geskrap en soos volg gewysig word:

'n Lys van adresse van alle omliggende eienaars en okkupeerders binne 'n 200 m radius vanaf die buitengrense van die betrokke perseel moet aan die Raad voorsien word saam met die indiening van 'n vergunningsgebruiksaansoek asook bewyse dat almal op die lys van die voorgename gebruik in kennis gestel is, en daaraan goedkeuring verleen het.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1293

STADSRAAD VAN POTCHEFSTROOM

POTCHEFSTROOM-WYSIGINGSKEMA 390

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, bekendgemaak dat die Stadsraad van Potchefstroom goedgekeur het dat Potchefstroom-dorpsbeplanningskema, 1980, gewysig word deur die hersonering van Gedeelte 1 van Erf 903, Potchefstroom, van "Residensiële 1" na "Residensiële 2" onderworpe aan sekere voorwaardes.

Daar word hierby ingevolge artikel 80B (3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939), bekendgemaak dat die Stadsraad van Randfontein van voorneme is om die elektrisiteitstariewe met ingang 1 Februarie 1994 te wysig.

Die algemene wysiging van hierdie wysiging is om die 12% korting vir nywerhede wanneer hulle maandelikse aanvraag 500 kVA oorskry, te herroep.

Afskrifte van hierdie voorgestelde wysigings lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris, Burgersentrum, Pollockstraat, Randfontein, vir 'n tydperk van 14 (veertien) dae vanaf datum van publikasie hiervan in die *Offisiële Koerant*.

Enige persoon wat beswaar teen die afkondiging van genoemde tariewe wens aan te teken, moet dit skriftelik binne 14 (veertien) dae vanaf datum van publikasie by die ondergetekende doen.

L. M. BRITS,

Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.

Burgersentrum, Pollockstraat, Posbus 218, Randfontein, 1760.

(Kennisgewing No. 31/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1317**TOWN COUNCIL OF RANDFONTEIN****AMENDMENT OF ELECTRICITY TARIFFS**

It is hereby notified in terms of section 80B (3) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939), that the Town Council of Randfontein intends amending the electricity tariffs as from 1 February 1994.

The general purport of this amendment is to revoke the 12% discount for industries on the kVA tariff when their monthly demand exceeds 550 kVA.

Copies of the proposed amendments are open for inspection at the office of the Town Secretary, Civic Centre, Pollock Street, Randfontein, for a period of 14 (fourteen) days after date of publication hereof in the *Official Gazette*.

Any person who desires to record his objection to the said tariffs must do so in writing to the undermentioned within the said period.

L. M. BRITS,

Chief Executive/Town Clerk.

Civic Centre, Pollock Street, P.O. Box 218, Randfontein, 1760.

(Notice No. 31/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1318**STADSRAAD VAN ROODEPOORT****SLUITING VAN GROND**

Kennisgewing geskied hiermee, ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Roodepoort voornemens is om Gertalstraat, Florida Park-uitbreiding 6, ongeveer 450 m² groot, permanent te sluit.

Besonderhede van die voorgenome sluiting lê gedurende kantoorure te Kamer 42, Derde Verdieping, Burgersentrum, Roodepoort, ter insae.

Enige eienaar, huurder of bewoner van grond wat grens aan die grond wat gesluit staan te word, of enige ander persoon wat hom benadeel ag en beswaar teen die voorgenome sluiting het, of wat enige eis vir vergoeding sou hê indien sodanige sluiting uitgevoer word, moet die ondergetekende binne 60 (sestig) dae vanaf 20 April 1994, dit wil sê voor of op 20 Junie 1994, skriftelik verwittig van sodanige beswaar of eis vir vergoeding.

M. C. C. OOSTHUIZEN,

Stadsklerk.

Munisipale Kantore, Roodepoort.

20 April 1994.

(Munisipale Kennisgewing No. 76/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1318**CITY COUNCIL OF ROODEPOORT****CLOSING OF LAND**

It is notified, in terms of the provisions of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that it is the intention of the City Council of Roodepoort to close permanently Gertal Street, Florida Park Extension 6, approximately 450 m² in extent.

Details of the proposed closure may be inspected during normal office hours at Room 42, Third Floor, Civic Centre, Roodepoort.

Any owner, lessee or occupier of land abutting the land to be closed or any other person aggrieved and who objects to the proposed closure of the said land or who may have any claim for compensation of such closure is carried out, must serve written notice upon the undersigned of such objection or claim for compensation within 60 (sixty) days from 20 April 1994, i.e. before or on 20 June 1994.

M. C. C. OOSTHUIZEN,

Town Clerk.

Municipal Offices, Roodepoort.

20 April 1994.

(Municipal Notice No. 76/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1319**STADSRAAD VAN ROODEPOORT**

PLAASLIKE BESTUUR VAN ROODEPOORT: KENNISGEWING VAN EERSTE SITTING VAN WAARDERINGSRAAD OM BESWARE TEN OPSIGTE VAN VOORLOPIGE AANVULLENDE WAARDERINGSGLYS VIR DIE 1992/93 FINANSIËLE JAAR AAN TE HOOR

Kennis word hiermee ingevolge artikel 36 van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Bestuur, 1977 (Ordonnansie No. 11 van 1977), gegee dat die eerste sitting van die waarderingsraad op 10 Mei 1994 om 11:00 sal plaasvind in die Raadsaal, Eerste Verdieping, Burgersentrum, Christiaan de Wetweg, Roodepoort, om enige beswaar teen die voorlopige aanvullende waarderingsglis vir die 1992/93 finansiële jaar te oorweeg.

H. G. OOSTHUIZEN,

Sekretaris: Waarderingsraad.

Burgersentrum, Roodepoort.

29 Maart 1994.

(Munisipale Kennisgewing No. 82/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1319**CITY COUNCIL OF ROODEPOORT**

LOCAL AUTHORITY OF ROODEPOORT: NOTICE OF FIRST SITTING OF VALUATION BOARD TO HEAR OBJECTIONS IN RESPECT OF PROVISIONAL SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL FOR THE FINANCIAL YEAR 1992/93

Notice is hereby given in terms of section 36 of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance No. 11 of 1977), that the first sitting of the Valuation Board will take place on 10 May 1994 at 11:00 in the Council Chamber, First Floor, Civic Centre, Christiaan de Wet Road, Roodepoort, to consider any objection to the provisional supplementary valuation roll for the financial year 1992/93.

H. G. OOSTHUIZEN,

Secretary: Valuation Board.

Civic Centre, Roodepoort.

29 March 1994.

(Municipal Notice No. 82/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1320**STADSRAAD VAN ROODEPOORT****ROODEPOORT-WYSIGINGSKEMA 834**

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 57 (1) (a) van Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), bekendgemaak dat die Stadsraad van Roodepoort goedgekeur het dat die Roodepoort-dorpsbeplanningskema, 1987, gewysig word deur die grondgebruiksone van Erwe 405, 441 en 449 tot 453, Groblerpark-uitbreiding 28, vanaf "Spesiaal" vir die doel van duethuise na "Residensieel 2" met 'n digtheid van 30 wooneenhede per hektaar.

Besonderhede van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Hoofdirekteur: Tak Gemeenskapontwikkeling, Germiston, en is by die Hooft: Stedelike Ontwikkeling, Stadsraad van Roodepoort, beskikbaar vir inspeksie te alle redelike tye.

Die datum van die inwerkingtreding van die skema is 20 April 1994.

Hierdie wysiging staan bekend as die Roodepoort-wysigingskema 834.

M. C. C. OOSTHUIZEN,
Uitvoerende Hooft/Stadsklerk.
Burgersentrum, Roodepoort.
20 April 1994.
(Kennisgewing No. 87/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1321**STADSRAAD VAN ROODEPOORT****WYSIGING VAN TARIWE: VERORDENINGE VIR DIE BEHEER VAN PARKE, OOPRUIMTES, DAMME EN BEWARINGSGBIEDE**

Dit word hiermee ingevolge artikel 80B (8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, bekendgemaak dat die Stadsraad van Roodepoort op 24 Februarie 1994, by wyse van 'n spesiale besluit, die tariewe onder sy Verordeninge vir die Beheer van Parke, Oopruimtes, Damme en Bewaringsgebiede, afgekondig onder Administrateurskennisgewing No. 2176 van 28 November 1984, soos gewysig, met ingang van 1 Maart 1994 soos volg verder gewysig het:

- Deur in die Tarief van Gelde in paragraaf (i) —
 - in item 1 (a) die syfer "R3,00" met die syfer "R3,30" te vervang;
 - in item 1 (b) die syfer "R6,00" met die syfer "R6,60" te vervang;
 - in item 2 (a) die syfer "R5,00" met die syfer "R5,50" te vervang;
 - in item 2 (b) die syfer "R7,00" met die syfer "R7,70" te vervang;
- deur die bedrag "R170,00" in die voorbehoudsbepaling onder paragraaf (i) met "R190,00" te vervang.
- Deur in die Tarief van Gelde paragraaf (iii) met die volgende te vervang:

"(iii) Huur van hutte en lapas:

<i>Faciliteit</i>	<i>Tarief</i>
Floridameerlapa:	
Huur	R175,00
Deposito	R250,00
Floridameer Mini-lapa:	
Huur	R 45,00
Deposito	Geen
Hutte I en II:	
Huur	R 65,00
Deposito	Geen
Braailapas (Helderkruin uitgesluit):	
Huur	R 70,00
Deposito	Geen
Helderkruinlapa:	
Huur	R 70,00
Deposito	R155,00"

M. C. C. OOSTHUIZEN,
Stadsklerk.
Burgersentrum, Christiaan de Wetlaan 100, Roodepoort.
(Munisipale Kennisgewing No. 57/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1320**CITY COUNCIL OF ROODEPOORT****ROODEPOORT AMENDMENT SCHEME 834**

It is hereby notified in terms of section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that the City Council of Roodepoort has approved the amendment of the Roodepoort Town-planning Scheme, 1987, by amending the land use zone of Erven 405, 441, 449 to 453, Groblerpark Extension 28, from "Special" for the purposes of duet houses to "Residential 2" with a density of 30 units per hectare.

Particulars of the amendment scheme are filed with the Chief Director: Community Development Branch, Germiston, and the Head: Urban Development, City Council of Roodepoort, and are open for inspection at all reasonable times.

The date this scheme will come into operation is 20 April 1994.

This amendment is known as the Roodepoort Amendment Scheme 834.

M. C. C. OOSTHUIZEN,
Executive Head/Town Clerk.
Civic Centre, Roodepoort.
20 April 1994.
(Notice No. 87/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1321**CITY COUNCIL OF ROODEPOORT****AMENDMENT TO TARIFFS: BY-LAWS FOR THE REGULATION OF PARKS, OPEN SPACES, DAMS AND CONSERVATION AREAS**

It is hereby notified in terms of section 80B (8) of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, that the City Council of Roodepoort has, by way of special resolution on 24 February 1994, resolved to further amend the tariffs under its By-laws for the Regulation of Parks, Open Spaces, Dams and Conservation Areas, published under Administrator's Notice No. 2176 of 28 November 1984, as amended, with effect from 1 March 1994 as follows:

- By the substitution in the Tariff of Charges in paragraph (i) —
 - in item 1 (a) for the figure "R3,00" of the figure "R3,30";
 - in item 1 (b) for the figure "R6,00" of the figure "R6,60";
 - in item 2 (a) for the figure "R5,00" of the figure "R5,50";
 - in item 2 (b) for the figure "R7,00" of the figure "R7,70";
- by the substitution for the figure "R170,00" in the provisionary clause under paragraph (i) of the figure "R190,00".
- By the substitution in the Tariff of Charges for paragraph (iii) of the following:

"(iii) Renting of huts and lapas:

<i>Facility</i>	<i>Tariff</i>
Florida Lake Lapa:	
Rent	R175,00
Deposit	R250,00
Florida Lake Mini Lapas:	
Rent	R 45,00
Deposit	Nil
Huts I and II:	
Rent	R 65,00
Deposit	Nil
Braailapas (Helderkruin excluded):	
Rent	R 70,00
Deposit	Nil
Helderkruin Lapa:	
Rent	R 70,00
Deposit	R155,00"

M. C. C. OOSTHUIZEN,
Town Clerk.
Civic Centre, 100 Christiaan de Wet Road, Roodepoort.
(Municipal Notice No. 57/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1322**STADSRAAD VAN ROODEPOORT****WYSIGING VAN BIBLIOTEEKVERORDENINGE**

Dit word hiermee ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, bekendgemaak dat die Stadsraad van Roodepoort op 24 Februarie 1994 besluit het om sy Biblioteekverordeninge, afgekondig onder Administrateurskennisgewing No. 796 van 19 Oktober 1966, soos gewysig, met ingang van 1 Julie 1994 verder, soos volg te wysig:

(a) Deur in artikel 2 (1) (f) —

(1) in subartikel (i) (aa) die syfer "R6,00" deur die syfer "R6,50" te vervang;

(2) in subartikel (i) (bb) die syfer "R12,00" deur die syfer "R13,00" te vervang;

(3) in subartikel (ii) (aa) die syfer "R45,00" deur die syfer "R50,00" te vervang;

(b) deur in artikel 5 (a) die syfer "R0,85c" deur die syfer "R2,00" te vervang;

(c) deur in artikel 6 (1) die syfer "R15,00" deur die syfer "R20,00" te vervang;

(d) deur in artikel 12 —

(1) in subartikel (1) die syfer "R30,00", waar dit voorkom, met die syfer "R40,00" te vervang, en die syfer "R50,00" met die syfer "R60,00" te vervang;

(2) in subartikel (2) die syfer "R50,00", waar dit voorkom, met die syfer "R60,00" te vervang, en die syfer "R80,00" met die syfer "R90,00" te vervang.

M. C. C. OOSTHUIZEN,

Stadsklerk.

Burgersentrum, Christiaan de Wetweg 100, Roodepoort.

Item A (9) (i) Feb 1994.

(Munisipale Kennisgewing No. 58/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1323**STADSRAAD VAN ROODEPOORT****WYSIGING VAN DIE VERORDENINGE VIR DIE VASSTELLING VAN GELDE**

1. Dit word hiermee ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, bekendgemaak dat die Stadsraad van Roodepoort op 24 Februarie 1994, besluit het om sy Verordeninge vir die Vasstelling van Gelde, afgekondig in die *Offisiële Koerant* gedateer 30 Januarie 1985, soos gewysig, met ingang van 1 Julie 1994 verder, soos volg te wysig:

Deur subartikel 16 (b) in geheel te skrap.

2. Dit word verder ingevolge artikel 80 B (8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, bekendgemaak dat die Stadsraad van Roodepoort op 24 Februarie 1994, besluit het om die tariewe onder bogenoemde verordeninge soos volg verder te wysig:

Deur onder die opskrif "Voorgeskrewe Gelde" —

(a) in item 1 die syfer "R6,00" te vervang met "R6,50";

(b) in item 2 die syfer "R6,00" te vervang met "R6,50";

(c) in item 3 die syfer "R6,00" te vervang met "R6,50";

(d) in item 4 die syfer "R2,50" te vervang met "R3,00";

(e) in item 5 die syfer "R6,00" te vervang met "R6,50";

(f) in item 6 die syfer "R6,00" te vervang met "R6,50";

(g) in item 7 (a) die syfer "R13,00" te vervang met "R14,00";

(h) in item 7 (b) die syfer "R45,00" te vervang met "R50,00";

(i) in item 7 (c) die syfer "R23,00" te vervang met "R25,00";

(j) in item 7 (d) die syfer "R25,00" te vervang met "R28,00";

(k) in item 7 (e) die syfer "R100,00" te vervang met "R110,00";

(l) in item 8 die syfer "R37,00" te vervang met "R40,00";

(m) in item 9 die syfer "R0,40" te vervang met "R0,45";

(n) in item 13 (i) (a) die syfer "R118,00" te vervang met "R130,00";

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1322**CITY COUNCIL OF ROODEPOORT****AMENDMENT OF LABRARY BY-LAWS**

It is hereby notified in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, that the City Council of Roodepoort resolved on 24 February 1994 to further amend its Library By-laws, published under Administrator's Notice No. 796 dated 19 October 1966, as amended, with effect from 1 July 1994 as follows:

(a) By the substitution in section 2 (1) (f) —

(1) in subsection (i) (aa) for the figure "R6,00" of the figure "R6,50";

(2) in subsection (i) (bb) for the figure "R12,00" of the figure "R13,00";

(3) in subsection (ii) (aa) for the figure "R45,00" of the figure "R50,00";

(b) by the substitution in section 5 (a) for the figure "R0,85c" of the figure "R2,00";

(c) by the substitution in section 6 (1) for the figure "R15,00" of the figure "R20,00";

(d) by the substitution in section 12 —

(1) in subsection (1) for the figure "R30,00", where it appears, of the figure "R40,00" and for the figure "R50,00" of the figure "R60,00";

(2) in subsection (2) for the figure "R50,00", where it appears, of the figure "R60,00" and for the figure "R80,00" of the figure "R90,00".

M. C. C. OOSTHUIZEN,

Town Clerk.

Civic Centre, 100 Christiaan de Wet Road, Roodepoort.

Item A (9) (i) Feb 1994.

(Municipal Notice No. 58/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1323**CITY COUNCIL OF ROODEPOORT****AMENDMENT OF BY-LAWS FOR THE DETERMINATION OF CHARGES**

1. It is hereby notified in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, that the City Council of Roodepoort resolved on 24 February 1994, to further amend its By-laws for the Determination of Charges, published in the *Official Gazette* dated 30 January 1985, as amended, with effect from 1 July 1994, as follows:

By the complete deletion of subsection 16 (b).

2. It is further notified in terms of section 80 B (8) of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, that the City Council of Roodepoort resolved on 24 February 1994, to further amend the tariffs under the above-mentioned By-laws as follows:

By the substitution under the heading "Prescribed Fees" —

(a) in item 1 for the figure "R6,00" of the figure "R6,50";

(b) in item 2 for the figure "R6,00" of the figure "R6,50";

(c) in item 3 for the figure "R6,00" of the figure "R6,50";

(d) in item 4 for the figure "R2,50" of the figure "R3,00";

(e) in item 5 for the figure "R6,00" of the figure "R6,50";

(f) in item 6 for the figure "R6,00" of the figure "R6,50";

(g) in item 7 (a) for the figure "R13,00" of the figure "R14,00";

(h) in item 7 (b) for the figure "R45,00" of the figure "R50,00";

(i) in item 7 (c) for the figure "R23,00" of the figure "R25,00";

(j) in item 7 (d) for the figure "R25,00" of the figure "R28,00";

(k) in item 7 (e) for the figure "R100,00" of the figure "R110,00";

(l) in item 8 for the figure "R37,00" of the figure "R40,00";

(m) in item 9 for the figure "R0,40" of the figure "R0,45";

(n) in item 13 (i) (a) for the figure "R118,00" of the figure "R130,00";

- (o) in item 13 (i) (b) die syfer "R37,00" te vervang met "R40,00";
 (p) in item 13 (i) (c) die syfer "R60,00" te vervang met "R66,00";
 (q) in item 22 (4.9) die syfer "R120,00" te vervang met "R132,00".

M. C. C. OOSTHUIZEN,

Stadsklerk.

Burgersentrum, Christiaan de Wetweg 100, Roodepoort.

Item A (9) (ii) en A (16) (ii) Februarie 1994.

(Munisipale Kennisgewing No. 59/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1324

STADSRAAD VAN ROODEPOORT

WYSIGING VAN TARIWE: VERORDENINGE INSAKE PLAKKATE

Dit word hiermee ingevolge artikel 80B (8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, bekendgemaak dat die Stadsraad van Roodepoort op 24 Februarie 1994, by wyse van 'n spesiale besluit, die tariewe onder sy Verordeninge insake Plakkate, afgekondig in die *Offisiële Koerant* van 18 November 1987, soos gewysig, met ingang van 1 Maart 1994 soos volg verder gewysig het:

Deur die toepaslike gedeelte van Bylae I onder die opskrif "Tarief van deposito's en administrasiegelde betaalbaar ten opsigte van plakkate en baniere" met die volgende te vervang:

- (a) In item (1) die syfer "R3,00" met "R3,50";
- (b) In item (2) die syfer "R60,00" met "R70,00";
- (c) In item (3) die syfer "R0,30" met "R0,35";
- (d) In item (4) die syfer "R6,00" met "R7,00".

M. C. C. OOSTHUIZEN,

Stadsklerk.

Burgersentrum, Christiaan de Wetlaan 100, Roodepoort.

Item A (16) (i) Februarie 1994.

(Munisipale Kennisgewing No. 60/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1325

STADSRAAD VAN ROODEPOORT

WYSIGING VAN SWEMBADVERORDENINGE

Dit word hiermee ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, bekendgemaak dat die Stadsraad van Roodepoort op 24 Februarie 1994 besluit het om sy Swembadverordeninge afgekondig onder Administrateurskennisgewing No. 1528 gedateer 29 Augustus 1984, soos gewysig, met ingang van 1 April 1994 verder soos volg te wysig:

A. Deur die byvoeging van die volgende klousule in Deel I van die Tarief van Gelde:

"4. (a) 'n Skoolseisoenkaartjie is geldig slegs gedurende skooltermyne, gedurende skoolperiodes en vanaf 1 September tot 31 Maart van die volgende jaar.

(b) 'n Skoolseisoenkaartjie is nie geldig gedurende skoolvakansies of vir naskoolsentrums nie, en is nie oordraagbaar nie."

B. Deur Deel 3 van die Tarief van Gelde met die volgende te vervang: "Bykomende tariewe vir spesiale geleenthede (gehef ingevolge artikel 8 van hierdie verordeninge): Bykomstige gelde is deur alle skole, swem- en poloklubs aan die Stadstresourier betaalbaar vir eksklusiewe gebruik van die swembadgeriewe vir spesiale geleenthede soos aangedui: Tarief: R165,00 per dag of deel daarvan, plus R30,00 per uur oortydgeld vir swembadsuperintendente wat noodsaaklike dienste na-ure verrig."

M. C. C. OOSTHUIZEN,

Stadsklerk.

Burgersentrum, Christiaan de Wetlaan 100, Roodepoort.

Item A (23) Februarie 1994.

(Munisipale Kennisgewing No. 61/1994)

(o) in item 13 (i) (b) for the figure "R37,00" of the figure "R40,00";

(p) in item 13 (i) (c) for the figure "R60,00" of the figure "R66,00";

(q) in item 22 (4.9) for the figure "R120,00" of the figure "R132,00".

M. C. C. OOSTHUIZEN,

Town Clerk.

Civic Centre, 100 Christiaan de Wet Avenue, Roodepoort.

Item A (9) (ii) and A (16) (ii) February 1994.

(Municipal Notice No. 59/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1324

CITY COUNCIL OF ROODEPOORT

AMENDMENT TO TARIFFS: BY-LAWS RELATING TO POSTERS

It is hereby notified in terms of section 80B (8) of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, that the City Council of Roodepoort has, by way of special resolution on 24 February 1994, resolved to further amend the tariffs under its By-laws relating to Posters, published in the *Official Gazette* dated 18 November 1987, as amended, with effect from 1 March 1994 as follows:

By the substitution for the relevant part of Annexure I under the heading "Tariff of deposits and administration fees payable in respect of posters and banners" of the following:

- (a) In item (1) for the figure "R3,00" of the figure "R3,50";
- (b) in item (2) for the figure "R60,00" of the figure "R70,00";
- (c) in item (3) for the figure "R0,30" of the figure "R0,35";
- (d) in item (4) for the figure "R6,00" of the figure "R7,00".

M. C. C. OOSTHUIZEN,

Town Clerk.

Civic Centre, 100 Christiaan de Wet Road, Roodepoort.

Item A (16) (i) February 1994.

(Municipal Notice No. 60/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1325

CITY COUNCIL OF ROODEPOORT

AMENDMENT OF SWIMMING-BATH BY-LAWS

It is hereby notified in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, that the City Council of Roodepoort resolved on 24 February 1994 to further amend its Swimming-bath By-laws published under Administrator's Notice No. 1528 dated 29 August 1984, as amended, with effect from 1 April 1994 as follows:

A. By the addition of the following subclause in Part I of the Tariff of Charges:

"4. (a) A school season ticket is valid only during school terms, in school periods and from 1 September to 31 March of the following year.

(b) A school season ticket is not valid for school holidays and for after school care centres, and is not transferrable."

B. By the substitution for Part 3 of the Tariff of Charges of the following: "Additional tariffs for special occasions (levied under section 8 of these by-laws): Additional tariffs are payable by all schools, swimming and polo clubs to the City Treasurer for the exclusive use of the swimming-bath facilities on special occasions as indicated:

Tariff: R165,00 per day or part thereof, plus R30,00 per hour overtime tariff for superintendents performing necessary duties after hours."

M. C. C. OOSTHUIZEN,

Town Clerk.

Civic Centre, Christiaan de Wet Road, Roodepoort.

Item A (23) February 1994.

(Municipal Notice No. 61/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1326**STADSRAAD VAN ROODEPOORT****WYSIGING VAN TARIWE: KAMPEERVERORDENINGE**

Dit word hiermee ingevolge artikel 80B (8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, bekendgemaak dat die Stadsraad van Roodepoort op 24 Februarie 1994, by wyse van 'n spesiale besluit, die tariewe onder sy Kampeerverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 81 van 3 Februarie 1954, soos gewysig, met ingang van 1 Maart 1994 verder soos volg gewysig het:

Deur artikel 27 met die volgende te vervang:

"Tarief van Gelde

27. Die huurgeld ten opsigte van elke kamperseel of standplaas vir 'n woonwa en die gebruik van die outomatiese wasmasjien en tuimeldroër is soos volg vooruitbetaalbaar:

1. Vir elke kamperseel of standplaas vir 'n woonwa—

(a) per dag of gedeelte daarvan: R8,00;

(b) per week: R46,00;

(c) per maand: R170,00;

(d) in die geval van 'n woonwasaamtrek, per woonwa per dag: R7,00.

2. (a) Vir die gebruik van die outomatiese wasmasjien per geleentheid: R3,00;

(b) Vir die gebruik van die tuimeldroër per geleentheid: R3,00."

M. C. C. OOSTHUIZEN,

Stadsklerk.

Burgersentrum, Christiaan de Wetweg 100, Roodepoort.

A (24) Februarie 1994.

(Munisipale Kennisgewing No. 62/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1327**STADSRAAD VAN ROODEPOORT****WYSIGING VAN TARIWE: GESONDHEIDSVERORDENINGE**

Dit word hiermee ingevolge artikel 80B (8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, bekendgemaak dat die Stadsraad van Roodepoort op 24 Februarie 1994, by wyse van 'n spesiale besluit, die tariewe onder sy Gesondheidsverordeninge, afgekondig in die *Offisiële Koerant* gedateer 12 Januarie 1994, soos gewysig, met ingang van 1 April 1994 soos volg verder gewysig het:

Deur na Bylae 2 onder die opskrif "Tarief van Gelde" na die para-graaf:

"Oefengelde, BTW uitgesluit, vir die gebruik van die biokinetika-sentrum per persoon per maand of gedeelte daarvan, vooruitbetaalbaar" items (a) tot (g) met die volgende te vervang:

"(a) Volwassenes: R55,00.

(b) Pensionarisse gedurende afspitstye: R29,00.

(c) Studente en skoliere gedurende afspitstye: R42,00.

(d) Raadslede, amptenare en bona fide munisipale sportklublede: R42,00.

(e) Voorgeboorte klasse wat 'n stel lesings insluit: R55,00.

(f) Evaluering: R52,00.

(g) Herevaluering: R32,00."

M. C. C. OOSTHUIZEN,

Stadsklerk.

Burgersentrum, Christiaan de Wetweg, Florida Park.

Item A(28) Feb '94.

(Kennisgewing No. 63/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1326**CITY COUNCIL OF ROODEPOORT****AMENDMENT TO TARIFFS: CAMPING BY-LAWS**

It is hereby notified in terms of section 80B (8) of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, that the City Council of Roodepoort has, by way of special resolution on 24 February 1994, resolved to further amend the tariffs under its Camping By-laws, published under Administrator's Notice No. 81 dated 3 February 1954, as amended, with effect from 1 March 1994 as follows:

By the substitution for section 27 of the following:

"Tariff of Charges

27. The tariffs for each camping site or caravan site, and for the use of the automatic washing machine and tumble dryer are as follows, payable in advance:

1. For every camp site or caravan site—

(a) per day or part thereof: R8,00;

(b) per week: R46,00;

(c) per month: R170,00;

(d) during a caravan rally, per caravan per day: R7,00.

2. (a) For the use of the automatic washing machine, per instance: R3,00;

(b) for the use of the tumble dryer, per instance: R3,00."

M. C. C. OOSTHUIZEN,

Town Clerk.

Civic Centre, 100 Christiaan de Wet Road, Roodepoort.

A (24) February 1994.

(Municipal Notice No. 62/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1327**CITY COUNCIL OF ROODEPOORT****AMENDMENT TO TARIFFS: HEALTH BY-LAWS**

It is hereby notified in terms of section 80B (8) of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, that the City Council of Roodepoort has, by way of special resolution on 24 February 1994, further amended the tariffs under its Health By-laws, published in the *Official Gazette* dated 12 January 1994, as amended, with effect from 1 April 1994 as follows:

By the substitution after Annexure 2 under the heading "Tariff of Charges" after the paragraph:

"Training Fees, VAT excluded, for use of the biokinetic centre per person per month or part thereof, payable in advance", of items (a) to (g) of the following:

"(a) Adults: R55,00.

(b) Pensioners during off-peak periods: R29,00.

(c) Students and scholars during off-peak periods: R42,00.

(d) Councillors, official and bona fide members of the municipal sports club: R42,00.

(e) Pre-natal classes including a series of lectures: R55,00.

(f) Evaluation: R52,00.

(g) Re-evaluation: R32,00."

M. C. C. OOSTHUIZEN,

Town Clerk.

Civic Centre, Christiaan de Wet Road, Florida Park.

Item A(28) Feb '94.

(Notice No. 63/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1328**STADSRAAD VAN ROODEPOORT****WYSIGING VAN TARIWE: WATERVOORSIENINGS-
VERORDENINGE**

Dit word hiermee, ingevolge artikel 80B (3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, bekendgemaak dat die Stadsraad van Roodepoort op 24 Maart 1994 besluit het om die tariewe onder sy Watervoorsieningsverordeninge, gepubliseer in die *Offisiële Koerant* gedateer 29 Desember 1982, soos gewysig, met ingang van 1 April 1994 verder te wysig.

Die algemene strekking van die wysiging is om 'n gyskaal vir waterverbruikstariewe ten opsigte van huishoudelike verbruikers en skole in te stel, en die tariewe ten opsigte van nie huishoudelike verbruikers te verhoog in ooreenstemming met die verhoogde tariewe van die Randwaterraad.

Afskrifte van hierdie voorgename wysigings lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris, Burgersentrum, Roodepoort, vir 'n tydperk van 14 dae na publikasie van hierdie kennisgewing in die *Offisiële Koerant*.

Enige persoon wat beswaar teen die voorgename wysigings wens aan te teken, moet dit skriftelik by die ondergetekende doen binne 14 dae na publikasie van hierdie kennisgewing in die *Offisiële Koerant*.

M. C. C. OOSTHUIZEN,

Stadsklerk.

Burgersentrum, Christiaan de Wetweg 100, Roodepoort.

A.(26) Maart 1994.

(Munisipale Kennisgewing No. 78/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1329**STADSRAAD VAN ROODEPOORT****WYSIGING VAN TARIWE: SWEMBADVERORDENINGE**

Daar word hiermee, kragtens die bepalings van artikel 80B (3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekendgemaak dat die Stadsraad van Roodepoort, by wyse van 'n spesiale besluit op 24 Maart 1994, besluit het om met ingang van 1 Mei 1994 die tariewe onder die Swembadverordeninge, soos gepubliseer in die *Offisiële Koerant* van 29 Augustus 1984, soos gewysig, verder te wysig.

Die algemene strekking van die wysiging is om die tariewe vir die gebruik van die munisipale swembaddens, vir toegang tot die Little Falls-pleisieroord en vir swemafrigting te verhoog.

Afskrifte van hierdie voorgename wysigings lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris, Burgersentrum, Roodepoort, vir 'n tydperk van 14 dae vanaf publikasie hiervan.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysigings wens aan te teken, moet dit skriftelik binne 14 dae vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die *Offisiële Koerant* by die ondergetekende doen.

M. C. C. OOSTHUIZEN,

Stadsklerk.

Burgersentrum, Christiaan de Wetweg, Roodepoort.

A (5) Maart 1994.

(Munisipale Kennisgewing No. 81/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1330**STADSRAAD VAN ROODEPOORT****ROODEPOORT-WYSIGINGSKEMA 729**

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), bekendgemaak dat die Stadsraad van Roodepoort goedgekeur het dat die Roodepoort-dorpsbeplanningskema, 1987, gewysig word deur die grondgebruiksone van Erwe 2351, 2352 en 2353, Weltevredenpark-uitbreiding 12, vanaf "Residensieel 1" na "Besigheid 4".

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1328**CITY COUNCIL OF ROODEPOORT****AMENDMENT TO TARIFFS: WATER SUPPLY BY-LAWS**

It is hereby notified in terms of section 80B (3) of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, that the City Council of Roodepoort resolved on 24 March 1994 to further amend the tariffs under its Water Supply By-laws, published in the *Official Gazette* dated 29 December 1982, as amended, with effect from 1 April 1994.

The general purport of the proposed amendments is to determine a sliding scale for water consumption tariffs relating to domestic consumers and schools, and to increase the tariffs relating to non-domestic consumers in accordance with increased Rand Water Board tariffs.

Copies of these draft by-laws are open to inspection at the office of the City Secretary, Civic Centre, Roodepoort, for a period of 14 days from the date of publication hereof in the *Official Gazette*.

Any person who desires to record his objection to the said intended amendments should do so in writing to the undermentioned within 14 days after the date of publication of this notice in the *Official Gazette*.

M. C. C. OOSTHUIZEN,

Town Clerk.

Civic Centre, 100 Christiaan de Wet Road, Roodepoort.

A (26) March 1994.

(Municipal Notice No. 78/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1329**CITY COUNCIL OF ROODEPOORT****AMENDMENT OF TARIFFS: SWIMMING-BATH BY-LAWS**

It is hereby notified in terms of the provisions of section 80B (3) of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, that the City Council of Roodepoort has, by special resolution on 24 March 1994, resolved to amend the tariffs under its Swimming-bath By-laws, published in the *Official Gazette* dated 29 August 1984, as amended, with effect from 1 May 1994.

The general purport of the proposed amendments is to increase the tariffs for the use of the municipal swimming-baths, for entrance to the Little Falls Resort and for swimming instruction.

Copies of the proposed amendments are open to inspection during office hours at the office of the City Secretary, Civic Centre, Roodepoort, for a period of 14 days from the date of publication of this notice.

Any person who wishes to object to the above amendments must do so in writing to the undersigned within 14 days after the date of publication of this notice in the *Official Gazette*.

M. C. C. OOSTHUIZEN,

Town Clerk.

Civic Centre, Christiaan de Wet Road, Roodepoort.

A (5) March 1994.

(Municipal Notice No. 81/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1330**CITY COUNCIL OF ROODEPOORT****ROODEPOORT AMENDMENT SCHEME 729**

It is hereby notified in terms of section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that the City Council of Roodepoort has approved the amendment of the Roodepoort Town-planning Scheme, 1987, by amending the land use zone of Erven 2351, 2352 and 2353, Weltevredenpark Extension 12, from "Residential 1" to "Business 4".

Besonderhede van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Hoofdirekteur: Tak Gemeenskapontwikkeling, Germiston, en is by die Hoof: Stedelike Ontwikkeling, Stadsraad van Roodepoort beskikbaar vir inspeksie te alle redelike tye.

Die datum van die inwerkingtreding van die skema is 20 April 1994.

Hierdie wysiging staan bekend as die Roodepoort-wysigingskema 729.

M. C. C. OOSTHUIZEN,
Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.
Burgersentrum, Roodepoort.
20 April 1994.
(Kennisgewing No. 84/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1331

STADSRAAD VAN ROODEPOORT

ROODEPOORT-WYSIGINGSKEMA 725

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), bekendgemaak dat die Stadsraad van Roodepoort goedgekeur het dat die Roodepoort-dorpsbeplanningskema, 1987, gewysig word deur die grondgebruiksone van Erf 897, Little Falls-uitbreiding 2, vanaf "Residensieel 1" na "Residensieel 1" met 'n dekking van 50%.

Besonderhede van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Hoofdirekteur: Tak Gemeenskapontwikkeling, Germiston, en is by die Hoof: Stedelike Ontwikkeling, Stadsraad van Roodepoort beskikbaar vir inspeksie te alle redelike tye.

Die datum van die inwerkingtreding van die skema is 20 April 1994.

Hierdie wysiging staan bekend as die Roodepoort-wysigingskema 725.

M. C. C. OOSTHUIZEN,
Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.
Burgersentrum, Roodepoort.
20 April 1994
(Kennisgewing No. 85/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1332

STADSRAAD VAN ROODEPOORT

ROODEPOORT-WYSIGINGSKEMA 577

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), bekendgemaak dat die Stadsraad van Roodepoort goedgekeur het dat die Roodepoort-dorpsbeplanningskema, 1987, gewysig word deur die grondgebruiksone van Gedeelte 4 van Erf 868, Discovery, vanaf "Openbare Oopruimte" na "Inrigting", onderworpe aan sekere voorwaardes te wysig.

Besonderhede van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Hoofdirekteur: Tak Gemeenskapontwikkeling, Germiston, en is by die Hoof: Stedelike Ontwikkeling, Stadsraad van Roodepoort beskikbaar vir inspeksie te alle redelike tye.

Die datum van die inwerkingtreding van die skema is 20 April 1994.

Hierdie wysiging staan bekend as die Roodepoort-wysigingskema 577.

M. C. C. OOSTHUIZEN,
Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.
Burgersentrum, Roodepoort.
20 April 1994
(Kennisgewing No. 83/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1333

STADSRAAD VAN RUSTENBURG

LABORATORIUMDIENSTE: VASSTELLING VAN GELDE

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 80B (8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Rustenburg, per spesiale besluit, die tariewe in die onderstaande Bylae met effek vanaf 1 Februarie 1994 goedgekeur het:

Particulars of the amendment scheme are filed with the Chief Director: Community Development Branch, Germiston, and the Head: Urban Development, Roodepoort, and are open for inspection at all reasonable times.

The date this scheme will come into operation is 20 April 1994.

This amendment is known as the Roodepoort Amendment Scheme 729.

M. C. C. OOSTHUIZEN,
Executive Head/Town Clerk.
Civic Centre, Roodepoort.
20 April 1994.
(Notice No. 84/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1331

CITY COUNCIL OF ROODEPOORT

ROODEPOORT AMENDMENT SCHEME 725

It is hereby notified in terms of section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that the City Council of Roodepoort has approved the amendment of the Roodepoort Town-planning Scheme, 1987, by amending the land use zone of Erf 897, Little Falls Extension 2, from "Residential 1" to "Residential 1" with a coverage of 50%.

Particulars of the amendment scheme are filed with the Chief Director: Community Development Branch, Germiston, and the Head: Urban Development, Roodepoort, and are open for inspection at all reasonable times.

The date this scheme will come into operation is 20 April 1994.

This amendment is known as the Roodepoort Amendment Scheme 725.

M. C. C. OOSTHUIZEN,
Executive Head/Town Clerk.
Civic Centre, Roodepoort.
20 April 1994.
(Notice No. 85/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1332

CITY COUNCIL OF ROODEPOORT

ROODEPOORT AMENDMENT SCHEME 577

It is hereby notified in terms of section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that the City Council of Roodepoort has approved the amendment of the Roodepoort Town-planning Scheme, 1987, by amending the land use zone of Portion 4 of Erf 868, Discovery, from "Public Open Space" to "Institution", subject to certain conditions.

Particulars of the amendment scheme are filed with the the Chief Director: Community Development Branch, Germiston, and the Head: Urban Development, Roodepoort, and are open for inspection at all reasonable times.

The date this scheme will come into operation is 20 April 1994.

This amendment is known as the Roodepoort Amendment Scheme 577.

M. C. C. OOSTHUIZEN,
Executive Head/Town Clerk.
Civic Centre, Roodepoort.
20 April 1994.
(Notice No. 83/1994)

LOCAL GOVERNMENT NOTICE 1333

TOWN COUNCIL OF RUSTENBURG

LABORATORY SERVICES: DETERMINATION OF CHARGES

It is hereby notified in terms of section 80B (8) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Rustenburg has, by special resolution, determined the charges for laboratory services with effect from 1 February 1994 as set out in the Schedule below:

BY-LAE

Laboratorium: Ontledingskoste		Koste per ontle- ding	Gael ontle- ding	Totale prys
T. No.	Soos op 1 September 1994			
1	pH.....	R 4,83	1	R 5,51
2	Alkaliniteit.....	15,74	1	17,94
3	Ammoniak.....	16,15	1	18,41
4	Antioniese oppervlakteaktiveerders.....	56,79	1	64,74
5	COD.....	47,85	1	54,55
6	Chloried.....	11,23	1	12,80
7	Chloroform.....	11,28	1	12,86
8	Elektriese geleidingsvermoë.....	5,29	1	6,03
9	Fluoried.....	25,91	1	29,54
10	Fenole.....	69,30	1	79,00
11	Kleur.....	2,71	1	3,09
12	Oopgeste suurstof.....	10,98	1	12,52
13	Siya Volume Indeks.....	2,32	1	2,64
14	O A.....	17,26	1	19,68
15	Ortofosfaat.....	17,24	1	19,65
16	Totale fosfaat.....	24,29	1	27,69
17	N-Nitraat.....	19,66	1	22,41
18	N-Nitriet.....	11,23	1	12,80
19	N-Kleidan.....	28,64	1	32,65
20	Staniede.....	60,27	1	68,71
21	Sulfiid.....	15,11	1	17,23
22	Sulfaat.....	16,29	1	18,57
23	Seep, olie en vetterigheid.....	15,51	1	17,68
24	Viugtige sure.....	26,43	1	30,13
25	Troebeheid.....	4,69	1	5,36
26	Vastestowwe: Besinkbare.....	3,55	1	4,05
27	Vastestowwe: In suspensie/M, SS.....	17,20	1	19,61
28	Vastestowwe: Totale oopgeste.....	15,99	1	18,23
29	Vastestowwe: Viugtige.....	23,97	1	27,33
30	Vastestowwe: Totale.....	16,10	1	18,35
31	Vyre chlor.....	4,63	1	5,28
32	Metale.....	11,08	1	12,63
33	Totale hardheid.....	13,23	1	15,08
34	Fekale koliformbakterietelling.....	29,98	1	34,18
35	Totale koliformbakterietelling.....	28,82	1	32,85
36	Totale lewensvatbare bakterieë.....	23,58	1	26,88
37	Patogeniese Stephylococci.....	55,31	1	63,05
38	Fekale Streptococci.....	54,15	1	61,73
39	Salmonella/Shigella.....	43,87	1	50,01
40	Bakterie identifkase.....	70,85	1	80,77
41	Giste en skimmels.....	49,78	1	56,75
42	Meëleenbied.....	9,64	1	10,99
43	Fosfatase.....	10,13	1	11,55
44	% vetvrye droëstofinhoud.....	6,44	1	7,34
45	% vetmelkvet.....	11,22	1	12,79
46	Standaard agarplaatelling.....	24,07	1	27,44
47	Inhibeerder/antibiotika.....	18,11	1	20,65
48	Sid-by-kook-toets.....	6,25	1	7,13
49	Etanisistabiliteitsoets.....	2,70	1	3,08
50	Titreenbare suurheid.....	13,72	1	15,64
51	Waterstof peroksied.....	5,84	1	6,66
52	% vog.....	13,24	1	15,09
53	Deppers.....	24,93	1	28,42

SCHEDULE

Laboratory: Analytical charges		Cost per test	Number of test	Total price
T. No.	Prices on 1 September 1994			
1	pH.....	R 4,83	1	R 5,51
2	Alkalinity.....	15,74	1	17,94
3	Ammonia.....	16,15	1	18,41
4	Anionic surfactants.....	56,79	1	64,74
5	COD.....	47,85	1	54,55
6	Chloride.....	11,23	1	12,80
7	Chlorofyl-a.....	11,28	1	12,86
8	Conductivity.....	5,29	1	6,03
9	Fluoride.....	25,91	1	29,54
10	Phenol.....	69,30	1	79,00
11	Colour.....	2,71	1	3,09

Laboratory: Analytical charges		Cost per test	Number of test	Total price
T. No.	Prices on 1 September 1994			
		R		R
12	Dissolved oxygen.....	10,98	1	12,52
13	Sludge Volume Index.....	2,32	1	2,64
14	O A.....	17,26	1	19,68
15	Orto-Phosphate.....	17,24	1	19,65
16	Total phosphate.....	24,29	1	27,69
17	N-Nitrate.....	19,66	1	22,41
18	N-Nitrite.....	11,23	1	12,80
19	N-Kjeldahl.....	28,64	1	32,65
20	Cyanide.....	60,27	1	68,71
21	Sulphide.....	15,11	1	17,23
22	Sulphate.....	16,29	1	18,57
23	Oil and grease.....	15,51	1	17,68
24	Volatile acids.....	26,43	1	30,13
25	Turbidity.....	4,69	1	5,35
26	Solids: Settleable.....	3,55	1	4,05
27	Solids: Suspended.....	17,20	1	19,61
28	Solids: Total dissolved.....	15,99	1	18,23
29	Solids: Volatile.....	23,97	1	27,33
30	Solids: Total.....	16,10	1	18,35
31	Free chlorine residual.....	4,63	1	5,28
32	Metals.....	11,08	1	12,63
33	Total hardness.....	13,23	1	15,08
34	Faecal coliform bacteria count.....	29,98	1	34,18
35	Total coliform bacteria count.....	28,82	1	32,85
36	Total viable bacteria count.....	23,58	1	26,88
37	Pathogenic Staphylococci.....	55,31	1	63,05
38	Fecal Streptococci.....	54,15	1	61,73
39	Salmonella/Shigella.....	43,87	1	50,01
40	Bacteria identification.....	70,85	1	80,77
41	Yeasts and molds.....	49,78	1	56,75
42	Methylene blue.....	9,64	1	10,99
43	Phosphatase.....	10,13	1	11,55
44	% fat free solids (milk).....	6,44	1	7,34
45	% fat/fat in milk.....	11,22	1	12,79
46	Standard agar plate count (milk).....	24,07	1	27,44
47	Inhibitor/Antibiotic.....	18,11	1	20,65
48	Clot-on-boiling test.....	6,25	1	7,13
49	Stability test with ethanol.....	2,70	1	3,08
50	Titrateable acidity.....	13,72	1	15,64
51	Hydrogen peroxide.....	5,84	1	6,66
52	% moisture.....	13,24	1	15,09
53	Swabs.....	24,93	1	28,42

W. J. ERASMUS,
Stadsklerk.

Stadskantore, Posbus 16, Rustenburg, 0300.

(Kennisgewing No. 41/1994)

[6/5/2/35 (4561)]

W. J. ERASMUS,
Town Clerk.

Municipal Offices, P.O. Box 16, Rustenburg, 0300.

(Notice No. 41/1994)

[6/5/2/35 (4561)]

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1334

STADSRAAD VAN RUSTENBURG

ELEKTRISITEITSVOORSIENING: VASSTELLING VAN GELDE

Ingevolge die bepalinge van artikel 80 B (3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hiermee bekendgemaak dat die Stadsraad van Rustenburg, by spesiale besluit, die vasstelling van gelde, gepubliseer by Plaaslike Bestuurskennisgewing 3645 van 22 September 1993, soos gewysig, verder gewysig het.

Die algemene doel van die wysiging is om tariewe te bepaal vir die nagaan van installasies.

'n Afskrif van die besonderhede lê ter insae gedurende kantoorure by Kamer 715, Stadskantore, Burgerstraat, Rustenburg, vir 'n tydperk van veertien (14) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.

Enige persoon wat beswaar wil aanteken, moet dit skriftelik by die Stadsklerk doen binne veertien (14) dae vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

W. J. ERASMUS,
Stadsklerk.

Stadskantore, Posbus 16, Rustenburg, 0300.

(Kennisgewing No. 42/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1334

TOWN COUNCIL OF RUSTENBURG

ELECTRICITY SUPPLY: DETERMINATION OF CHARGES

In terms of the provisions of section 80 B (3) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Town Council of Rustenburg has, with effect from 1 February 1994, by special resolution, amended the determination of charges published under Local Authority Notice 3645 dated 22 September 1993, as amended.

The general purport of the amendment is to determine the charges for inspection of installations.

The amendment and full details lie open for inspection during office hours in Room 715, Municipal Offices, Burger Street, Rustenburg, for a period of fourteen (14) days from the date of publications of this notice.

Any person who is desirous of objecting to the amendment, must do so in writing to the Town Clerk, within fourteen (14) days from the date of publication of this notice.

W. J. ERASMUS,
Town Clerk.

Municipal Offices, P.O. Box 16, Rustenburg, 0300.

(Notice No. 42/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1335**STADSRAAD VAN SANDTON**

BYLAE 11

(Regulasie 21)

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM STIGTING VAN DORP

Die Stadsraad van Sandton gee hiermee ingevolge artikel 69 (6) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), kennis dat 'n aansoek om die dorp in die Bylae hierby genoem, te stig deur hom ontvang is.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsklerk, Stadsraad van Sandton, Kamer B206, Sandton Burgersentrum, Rivoniaweg, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 20 April 1994.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 20 April 1994, skriftelik en in tweevoud by of tot die Stadsklerk by bovermelde adres of by Posbus 78001, Sandton, 2146, ingedien of gerig word.

BYLAE

Naam van dorp: Paulshof-uitbreiding 42.

Volle naam van aansoeker: Planpraktyk Ingelyf namens Fifty Five Invest. CC.

Aantal erwe in voorgestelde dorp: Erwe 945 en 946: Residensieel 2 met 'n digtheid van "15 Plus" wooneenhede per hektaar.

Beskrywing van grond waarop dorp gestig staan te word: Gedeelte 307 van plaas Rietfontein 2 IR.

Ligging van voorgestelde dorp: Die eiendom is geleë by die hoek van Witkoppenweg en Stonehavenstraat, Paulshof, Sandton.

Verwysing No.: 16/3/1/P05/-42.

S. E. MOSTERT,**Stadsklerk.**

Sandton Stadsraad, Posbus 78001, Sandton, 2146.

30 April 1994.

(Kennisgewing No. 86/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1336**PLAASLIKE BESTUUR VAN SANDTON****WAARDERINGSLYS VIR DIE BOEKJAAR 1993/1996**

(Regulasie 12)

Kennis word hierby ingevolge artikel 16 (4) (a) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie No. 11 van 1977), gegee dat die waarderingslys vir die boekjaar 1993/1996 van alle belasbare eiendom binne die munisipaliteit deur die Voorsitter van die Waarderingsraad gesertifiseer en geteken is en gevolglik finaal en bindend geword het op alle betrokke persone soos in artikel 16 (3) van daardie Ordonnansie beoog.

Die aandag word egter gevestig op artikel 17 van die gemelde Ordonnansie wat soos volg bepaal:

"Reg van Appèl teen beslissing van waarderingsraad"

